

**24 Julie**

**Openbaring 18, (Teks: 18:4)**

***Gaan uit haar uit... 'n gelowige lewens- en wêreldbeskouing***

In elke huis word sekerlik gepraat oor hierdie saak - ons houding teenoor die wêreld. Ons leef tog in die wêreld, hoor ons baie maal argumente vir sekere besluite. Wat die wêreld wil hê, het vir ons 'n maatstaf geword. Ons meet ons sukses en ons toekoms aan die wêreldse reëls. Ons wil in tel wees.

Maar wat is die wêreld? Ons teks praat van 'haar'. Die wêreld is Babilon, die groot prostituut. Dit is die sentrum van goddeloosheid en verleiding. Met hierdie beeld word die prikkelende krag van die wêreld vir ons geteken. Lees maar weer van die wye invloed van die wêreldse gesindheid, veral deur plesier en weelde wat die groot aantrekkingskrag van die wêreld is.

Die gevaar is: Babilon is een van die handlangers van die Satan wat hy gebruik om die regering van God in Christus aan te val. Die wêreld is vyand van Christus en sy Kerk. Want, aanhang van die wêreld laat ons van God vergeet. Wat het die mens meer nodig as geluk en voorspoed, as plesier en weelde?

Hieroor word ons vanuit die hemel gewaarsku. Die Here roep: "Gaan uit haar uit my volk".

Die Kerk, die verlostes in Christus, moet geen gemeenskap met die wêreld hou nie. Ons kan nie die Here en die duiwel dien nie. Ons kan nie die Here dien en die magte teen Hom sterk nie. Ons mag nie saamdryf met die wêreldsgesins nie. Inteendeel, ons moet ons vlekkeloos van die wêreld bewaar. Dit is godsdiens (Jak 1:22). Ons mag nie binne die raamwerk van die waardesisteem van die wêreld dink en daarvolgens lewe nie.

Ons moet daarvan wegvlug!

Want, ons moet God eer. Hy laat sy Naam nie strafloos onteer nie. Babilon val verseker onder die toorn van God. Dan bly slegs 'n klaaglied oor vir haar aanhangers. Maar daar is blydskap in die hemel. Deur sy oordeel word sy kinders bevry om in die heerlijkheid te deel. Hiervoor is ons tog in Christus verlos. Verlos van die wêreld met sy vernietigende invloed om in die ryk van God ewig te lewe.

Laat Gods werk u lewe en u keuses bepaal.

Sing: Skrifberyming 43:5,6 Ds. P.J.J. van Nieuwenhuizen (Marble Hall)